

1. NOODSAAK VAN 'N KERKLIKE STANDPUNT

Die NG Kerk het in die onlangse verlede reeds die saak rakende die ekonomie op tafel geneem en besluite geformuleer. Voorbeeld hiervan is die verslag van 2007: Profesie oor profyt: Ekonomiese geregtigheid met spesifieke verwysing na die Accra-verklaring. Daar was ook ander inisiatiewe waarby die kerk, weens sy betrokkenheid by die wetskrywende proses van die Nasionale Parlement, betrokke geraak het, soos The Peoples Budget Campaign, Basiese Inkomstetoelaag (Basic Income Grant - BIG) en sake rondom die ekonomie en ekologie van die Benchmark Foundation.

Die uitdaging is om die saak met nog meer intensiteit aan te spreek soos geformuleer deur die besluit van 2013:

Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om dringend 'n omvattende standpuntinname oor die ekonomie te formuleer, aan die sinodes te sirkuleer vir kommentaar en te publiseer. In die opstel van die dokument moet die Moderamen van kundige ekonome en teoloë gebruik maak.

Gereformeerdes, op voetspoor van veral Calvyn, glo dat God se heerskappy oor die ganse skepping en elke dimensie van die samelewing uitstrek. Hulle het 'n sterk koninkryksperspektief met 'n wil om die regswese, die opvoeding, politiek en ekonomie so te omvorm dat dit altyd weer beter aan die Here se wil sal beantwoord. Gereformeerdes is sosiaal en maatskaplik betrokke, neem die Christelike etiek ernstig, en verstaan dat die amp van die gelowige, Christene in die woon- en werkplek, die eintlike vorm van kerkwees in die wêreld is.

Die kerk is dit dus aan sy lidmate in die korporatiewe omgewing verskuldig om helder etiese of normatiewe waarde-uitgangspunte te gee om hulle as gelowiges te rig. Ekonome en leiersfigure, wat in baie gevalle ons eie lidmate is, in die handel en nywerheid vra in groeiende mate na die insette van die kerk op die markplein.

Soos in alle gevalle raak 'n regering se ekonomiese beleid alle mense wat in die land woon. Dit raak die lidmate en gemeentes van die NG Kerkfamilie op verskillende maniere. Sommige het weens die vryemark en die gunstige belastingstelsel baie ryk geword terwyl ander weens dieselfde vryemarkstelsel in groeiende armoede leef. Regstellende aksie, grondhervorming en ander maatreëls beïnvloed lidmate van hierdie kerkfamilie op verskillende maniere, maar 'n groot aantal lidmate tel steeds onder die armste van die armes. In dié konteks het die kerk 'n profetiese rol te speel in sy bydrae tot publieke teologie.

'n Volgende waarneming, wat vra vir besinning oor die tema ekonomie, kan beskryf word as die vraag na die menswaardigheid van mense wat onder die broodlyn leef, wat slagoffers word van mensehandel en van nuwe vorms van slawerny. Menswaardigheid word tans beskou as 'n sleuteltema in die kerk se bydrae tot die gesprek oor die ekonomie. Dit gaan oor die vraag na die "verhandelbaarheid" van mense en hulle vaardighede en kennis, oftewel arbeid en die impak daarvan op mense se ervaring van hulle eie waarde. Die hart, die gees, die menslikheid van die ekonomie is aangetas. Die waardes van die heersende ekonomiese stelsel trek al hoe meer skeef en tas die menswaardigheid van mense aan.

Die Christelike gemeenskap kan nie sy verantwoordelikheid ten opsigte van die hele omvattende saak van ekonomiese en sosiale geregtigheid systap nie. Want, in soverre as wat die saak van ekonomiese en sosiale geregtigheid met die menswaardigheid van alle mense te doen het, en in soverre die Bybel duidelik praat van 'n God wat by die skepping en onderhouding van die heelal betrokke is, en in soverre ons in terme van ons belydenisgrondslag ons daartoe verbind om die

heerskappy van God op alle terreine te bevorder en daarmee die begrip van die Koninkryk van God in die breë visie van die kerk tot uitdrukking bring, stel dit aan ons 'n uitdaging om ons roeping as kerk in dié verband na te kom.

Die verband tussen ekonomie en etiek word duidelik in die strewe van kerklike wêreldliggame waarvan die NG Kerk deel is, soos die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke en die Wêreldraad van Kerke, om die saak van die ekonomie en ekologie as 'n konfessionele aangeleentheid te hanteer, dit wil sê as 'n saak wat die hart van ons geloof raak. Onlangse voorbeelde hiervan is:

☐ 2004: "Covenanting for Justice in the Economy and the Earth" (die Accra-verklaring wat deur die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK) in Junie 2004 aanvaar is en waarvan die NG Kerk as lidkerk deel was);

☐ 2005: "A Caring Economy: A Feminist Contribution to Alternatives to Globalisation Addressing People and Earth" (Wêreldraad van Kerke (WRK));

☐ 2006: "A Theological Reflection on the Economic Crisis in South Africa" (The Oikos Journey. Diakonia Council of Churches);

☐ 2009: "Statement on just finance and the economy of life" (WRK);

☐ 2012: "International Financial Transformation for the Economy of Life" (Sao Paulo-verklaring van die WRK, WGGK en Council for World Mission (CWM));

☐ 2012: "Poverty, Wealth and Ecology in Africa" (WRK).

Die unieke konteks van Suider-Afrika en die veranderende ekonomiese klimaat in die wêreld maak dit noodsaaklik dat die NG Kerk as 'n verdere ontwikkeling van ons vorige gedagtes en in dialoog met die wêreldwye ekumeniese gesprek aandag gee aan hierdie belangrike saak.

2. EKONOMIESE BELEIDSVORMING DEUR DIE REGERING SEDERT 1994

In enige dialoog tussen teologie en die ekonomie binne die Suid Afrikaanse konteks, is dit sekerlik van pas om te begin by die konteks.

In sy 2004-artikel "Economic policy and theological reflection in South Africa: an overview, and assessment after 20 years of democracy" (International Journal of Public Theology, 8(4), p 445–470) gee prof Piet Naudé 'n oorsig oor ontwikkeling wat betref ekonomiese beleid oor die tydperk sedert 1994. Hy verwys soos volg na verskillende inisiatiewe:

2.1 THE RECONSTRUCTION AND DEVELOPMENT PLAN (RDP)

In 'n kort samevatting van die inhoud en vertrekpunte van die beleid wys Naudé daarop dat die RDP die kernagenda vir al die daaropvolgende beleidsverklarings stel, nl die interafhanklike uitdagings van armoede, ongelykheid en werkloosheid.

2.2 GROWTH, EMPLOYMENT AND REDISTRIBUTION PLAN (GEAR)

Verskeie skrywers wys daarop dat die GEAR-plan ideologies die regering se beleid na regs gerig het en dat die ekonomiese groei voorkeur geniet as beleidsfokus en dat die RDP se beklemtoning van die integrasie van groei, ontwikkeling en herverdeling daarna agterweë gebly het.

2.3 ACCELERATE AND SHARED GROWTH INITIATIVE – SOUTH AFRICA (ASGISA)

ASGISA is in 2006 aangekondig. Gebaseer op meestal positiewe ekonomiese data, lê ASGISA klem op die noodsaaklikheid van 'n hoë groeikoers. Verder word spesiale pogings aangekondig om te verseker dat almal die vrugte van 'n hoë groeikoers pluk.

2.4 THE NEW GROWTH PATH (NGP)

In November 2011 verskyn die NGP. Die negatiewe beeld van die ekonomie wat gereflekteer word, vra pertinente beleidsaanpassings: BBP van ongeveer 3% en verlies van meer as 'n miljoen werksgeleenthede tussen 2008 en 2010.

Die NGP fokus grootliks op werkskepping. Naudé wys egter daarop dat die regering sedertdien besef het dat die driedubbele uitdagings van armoede, ongelikheid en werkloosheid slegs deur 'n meer agressiewe, geïntegreerde en langtermynvisie hanteer kan word.

2.5 THE NATIONAL DEVELOPMENT PLAN (NDP)

Die NDP word in Desember 2012 aanvaar. Spesifieke kwantitatiewe mikpunte word gestel: “The National Development Plan aims to eliminate poverty and reduce inequality by 2030”.

Naudé wys daarop dat dié 'n navorsinggebaseerde en minder ideologiese gedrewe verslag is as vorige beleidsdokumente. Dit verklaar byvoorbeeld dat “too few people work, the quality of school education for black people is poor, spatial divides hobble inclusive development, corruption levels are high, and SA remains a divided society”.

Die geïntegreerde strategie vervat in die NDP benadruk dat die strategie om die probleem van armoede, ongelikheid en werkloosheid te bekamp in sosiale kohesie geanker moet wees. Werkskepping word steeds gekoppel aan 'n verhoogde ekonomiese groeikoers, maar die verslag benadruk dat as die kwaliteit van onderwys nie verbeter nie, en die staat se vermoëns nie verbeter nie, daar nie vordering gemaak sal word in die bekamping van armoede, ongelikheid en werkloosheid nie.

3. TEOLOGIESE VERTREK PUNTE

Die tema van die ekonomie was nog altyd deel van die Christelike geloof. Die Nuwe Testament praat erhaandelik van “oikonomie”, in Grieks letterlik die oikonomia tou theou, die “oikonomie van God”. Die twee woorde oikos (huis) en nomos (wet, reëls orde) beteken tesame “huishouding”. Godse ekonomie is die wyse waarop God sy huis onderhou en versorg. En dié “huishouding” omvat alles wat leef en is. Ons kry die beeld van God as die Groot Ekoonom, wat sy omvattende, globale, kosmiese ekonomie van genade en verlossing uitvoer, uit sy ontfermende genade oor alles en almal. Dít is die evangelie, die goeie nuus van God se heilse ekonomie.

Die kerkvaders het aandag gegee aan dié tema. Irenaeus se begrip “heilse ekonomie” vir die Drie-enige God dui op God se werk van skepping, sorg, verlossing en voleindiging. Dié leer van die Drie-eenheid neem sy vertrekpunt in die “oikonomiese triniteit” – die eenheid en drievoudigheid wat van God se handeling as Vader, Seun en Gees deur die heilsgeskiedenis aan ons geopenbaar word.

Eeue lank praat die kerk van God se ekonomie as die manier waarop ons God in die geskiedenis leer ken uit sy werke, deur sy aanwesigheid as Vader, Seun en Gees. Eeue lank behandel sentrale hoofstukke in die Christelike Godsleer “die oikonomie” as belangrike tema.

Dit wat vandag “oikonomie” heet – die wêreld van produksie, verspreiding en verbruik en die rol van

markte, van koop en verkoop – het nie niks met die heilse ekonomie te doen het nie. Daar is uiteindelik, vir die kerk en sy lidmate, net een ekonomie, God se huishouding, waarbinne ook die wêreld van geld en goed aan ’n genadiger heerskappy onderwerp word.

Daar sal geredeneer kan word dat die omarming van ’n missionale ekklesiologie tans deur die kerk hierby aansluit. ’n Ekonomiese standinname hang nou saam met die ekklesiologie van die kerk. ’n Missionale ekklesiologie gaan van die veronderstelling uit dat God ons nooit om deel te word van die lewegewende sending van die Drie-enige God en bemagtig ons om te getuig van God se droom van oorvloedige lewe vir alles en almal in hemel en op aarde. Dit gaan hier om die hele huishouding van God. Dit het ’n verreikende invloed op die manier waarop ons na die ekonomie moet kyk.

’n Missionale ekklesiologie gaan van die teologiese vertrekpunt van die missio Dei uit. Die sturende God wat sy Seun na hierdie wêreld stuur, wat sy Gees na hierdie wêreld stuur, wat sy kerk na hierdie wêreld stuur. Hierdie sturende God is solidêr, deur sy Seun wat mens geword het met elke duimbreedte van sy huishouding: die politiek, die ekonomie, kultuur en wetenskap maak alles deel daarvan uit.

In die kerklike woordeskat is daar ook ander woorde wat van oikonomia afgelei is, byvoorbeeld “ekumene”³⁹, die éénheid van geloof, diens en getuienis; “ekologie”³⁹, die integrale éénheid van alle sisteme van lewe in Gods wonderbare skepping; en, ja, van die “ekonomie”³⁹, hoe God ons wil laat sáám leef in sy “huishouding”, sy één oikos.

Die veelkantigheid van die betekenis van die woord “ekonomie” gee riglyne vir die besinning oor die tema. Die woord “ekonomie”, oikonomia, wat oorspronklik iets soos huishouding, of huishoudelike behoeftes beteken, dui op gesamentlike aktiwiteit vir gedeelde voordeel, nie bloot die najaag van persoonlike behoeftes nie. Die betekenisinhoud van die woord het egter verarm totdat dit vandag net ’n monetêre strekking het.

Perspektiewe op die ekologiese krisis word deur geloofsgemeenskappe ontsluit deur na die ekosisteem te kyk juis vanuit die heilse ekonomie: vanuit God as Skepper, Redder en Vernuer. Nadenke oor die ekologie dwing ons om te kyk na volhoubare lewe en ’n lewe van vergenoegdheid as hoogste prioriteite.

“Ekonomies”, weet ons, kan ook “spaarsamig” beteken. Hierdie begrip maak eweneens deel van die Christelike taal uit – nie net wanneer, in reaksie op ekologiese en verwante finansiële vraagstukke, Gereformeerdes en ander Christene oor deugde soos soberheid en eenvoud, en sondes soos vermorsing, gierigheid en vertoon, nadink nie, maar ook wat die spreke oor God self betref.

3.1 WERKBARE TEOLOGIESE OMSKRYWING VAN EKONOMIE

Die woord “ekonomie” verwys in die sekulêre wêreld na die sisteem van produksie, verspreiding, handel en verbruik van goedere en dienste asook die tegnologie, navorsing, inligting- en finansiële stelsels wat die ontsaglike globale ekonomiese netwerk diens.

Vanuit ’n teologiese perspektief is dit kompleks om tot ’n behoorlike omskrywing van die woord te kom. ekonomie, soos aangedui, is ’n term wat redelik sterk in die Nuwe Testament, in die Ou Testament se voorskrifte rakende geregtigheid en ook in die geskiedenis van die kerk funksioneer.

Teologies sou hoogstens met ’n teologiese omskrywing van ekonomie gewerk kan word, met ander woorde om die doel of benadering wat dit wil verwesenlik te beskryf.

In die verband sou dan gesê kan word: die doel moet altyd 'n vrugbare ekonomie wees waar die bronne, moontlikhede en vaardighede wat God gee, gebruik word om die oikos, die huishouding en alles wat daarvan deel is, te dien tot eer van God en tot voordeel van mekaar. Waar die onderlinge verhoudinge in God se huishouding, mens teenoor God, mens teenoor mekaar en mens teenoor die skepping nie skade lei nie maar bevoordeel word.

Die woord “ekonomie”, vanuit 'n teologiese perspektief, verwoord die wyse waarop mense in verhouding tot mekaar en God leef. Dit gaan oor die inkleding van die huishouding, die manier van leef, die reëls waaroor onderling ooreengekom word. Vanuit 'n Christelike oogpunt het dit die doel om byvoorbeeld billikheid teenoor die mees benadeeldes te beklemtoon. Dit het te make met God se huishouding en die bestuur daarvan. Dit gaan hier om 'n ander soort boekhouding, 'n ander soort rykdom en armoede, 'n ander soort ekonomie, as die een wat tans oorheers – een waarin mense, en die verhoudings tussen hulle, oneindig meer tel as wins en produktiwiteit.

Dit gaan ten diepste om vir komende geslagte 'n beter wêreld na te laat, om groter geregtigheid en gelykheid tussen arm en ryk te bewerk, om sinergie te vind in die wyse waarop ons die huishouding van God bewerk en bewaar, om 'n beter kwaliteit van lewe vir arm en ryk te bevorder, om armoede te bestry en diens te lewer aan mense in hulle daaglikse bestaan.

4. DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS WAARBINNE 'N GESPREK TUSSEN

TEOLOË EN EKONOME MOET PLAASVIND

Ten spyte van die regering se verskillende beleidsinisiatiewe en die somtotaal van ekonomiese aktiwiteite in die land is daar steeds groeiende probleme wat dringende verdere gesprek en besinning vereis van alle rolspelers. In dié gesprek sal sekere temas meer op die tafel van die teoloë wees en ander op die tafel van ekonome. Dit is egter van die uiterste belang dat daar saam gesprek gevoer sal word.

Die realiteit is dat die moderne ekonomie 'n kritiese balans in God se huishouding oor 'n wye spectrum versteur het. Die ekonomie word tans deur meedoënlose kompetisie, 'n uitermatige verbruikerskultuur en groot winsneming gekenmerk. Natuurlike en menslike hulpbronne word uitgebuit ten spyte van wetgewing wat die biofisiese omgewing en menswaardigheid van arbeiders probeer beskerm. Dit bevorder nie die huishouding van God nie, maar versteur dit en wel op die volgende wyses:

4.1 DIE BEPERKTE KAPASITEIT VAN DIE EKOLOGIE IS VERSTEUR

Die waardes van die heersende ekonomiese stelsel trek al hoe meer skeef – korrupsie is aan die orde van die dag. Die planeet se vermoë om mense te voed en te onderhou, neem af. Die balans tussen die druk om ekonomies te groei en wat die aarde kan produseer of hanteer, is skeefgetrek. Die ekonomie verbruik tans een en 'n half keer wat die natuur kan produseer.

Dit kan gesien word in klimaatsverandering, die smelt van die pole se yskepels, gebrek aan skoon water en die vernietiging van woude, verspoeling en versouting van landbougrond, groot dele van die aarde wat woestyn word, die ineenstorting van dele van die visbedryf. Mense dra die ekologiese krisis in hul liggame rond.

Dit gaan oor die gifstowwe in die kos wat ons eet, die bronne van die water wat ons drink, die besoedelde lug wat ons inasem en die herkoms van die klere wat ons dra. Dit raak die manier waarop ons leef, hoe ons dink, ons houdings en gedrag.

4.2 DIE TOTSTANDKOMING VAN 'N VERBRUIKERSKULTUUR

Die verbruikerskultuur, gegrond op wedywering, vererger die stand van sake. Met verbruikerskultuur word bedoel die buitensporige klem op, of die behepthed met die verkryging van verbruikersgoedere.

'n Ekonomiese analise van die verbruikerskultuur maak dit duidelik dat dit wel welvaart skep, maar dat dit minder suksesvol is met die verdeling daarvan. Die vergroting van die ekonomiese koek deur die globale ekonomie lei tans nie altyd tot die regverdige verdeling daarvan nie. Vir miljoene mense bestaan daar dan ook doodgewoon geen manier waarop hulle toegang tot die voordele van die verbruikerskultuur sal kan kry nie.

Diegene in die sentrum van die verbruikerskultuur (wat oor vaardighede en kapitaal beskik) word dikwels ten koste van dié aan die periferie daarvan bevoordeel (wat oor geen "nuttige" vaardighede of bates beskik nie). Dit is veral te wyte aan hebsug, en aan die fel en genadelose wedywering om meer geld te maak. Die geldhebbers gaar meer rykdom op terwyl die geldloses frustrasie beleef in hul sug na 'n luukse leefstyl en die armstes nie toegang het tot die bronne om in hulle basiese behoeftes te voorsien nie.

Daar is talle diepgaande probleme rondom 'n verbruikerskultuur. Die verbruikerskultuur is nie volhoubaar nie. 'n Verbruikerskultuur vererger ekonomiese ongelykheid. Welvarendes het die slagoffers van hulle eie begeertes geraak. Die verbruikerskultuur ondermyn deugde en kweek ondeugde.

Die verbruikerskultuur bevorder die kommersialisering en vervlakking van kultuur en godsdiens. Dit kan selfs as 'n vorm van afgodery, 'n nuwe soort godsdiens beskryf word.

4.3 ARMOEDE

Die kloof tussen arm en ryk is besig om teen 'n ontstellende pas te vergroot. Suid-Afrika se statistiek in dié verband is internasionaal van die slegste. Dit blyk uit die volgende statistiek wat deur die Universiteit van Kaapstad ten opsigte van die 2013-belastingjaar verskaf is: Van die 13,6 miljoen mense wat werk in Suid-Afrika het, het net 1,3% 'n verdienste van meer as R750 000 gehad, terwyl 4,8% 'n verdienste van meer as R400 000 en slegs 14,8% 'n verdienste van meer as R200 000 gehad het.

As die bykans vier miljoen werksoekers tot die 13,6 miljoen met werk gevoeg word, krimp die persentasies aansienlik: van die groter groep het net 1% 'n inkomste van R750 000 gehad, en slegs 11% 'n inkomste van R200 000. Verdere insiggewende statistieke is deur Statistieke SA verskaf, naamlik dat byna 22% van die Suid-Afrikaanse bevolking in 2011 in uiterste armoede geleef het. Mense in uiterste armoede word gedefinieer as diegene wat onder die voedselarmoedsgrens leef. Dit is die vlak waaronder mense nie genoeg kos kan bekom vir 'n voldoende dieet nie.

In 2011 was dit R335 per persoon per maand, of R11 per persoon per dag. In 2011 kon 11 miljoen mense in Suid-Afrika dus nie elke maand genoeg kos in hul maag kry om in hul basiese voedingsvereistes te voorsien nie.

4.4 ONGELYKHEID

In 1995 het die armste 20% van die bevolking 3,6% van die totale inkomste verdien, en die rykste 20% 61,8%. Indien die statistiek van 2009 hiermee vergelyk word, dan blyk dit dat die rykste 20% van die bevolking se deel van die totale inkomste na 68,2% gestyg het, en die armste se deel na 2,7% gedaal het.

Die kloof tussen armes en rykes word al hoe groter. Suid-Afrika is een van die mees ongelyke lande in die wêreld. In Suid-Afrika raak armes verder agter alhoewel hulle lewensomstandighede as gevolg van sosiale toelae verbeter. Die kloof tussen armes en rykes word egter al hoe groter. Met swart ekonomies bemagtiging word slegs 'n klein groep uit die swart elite verryk.

4.5 WERKLOOSHEID

Werkloosheidstatistiek is kommerwekkend. Van 16,9% in 1995, met 'n piek van 31,2% in 2003, is die amptelike syfer vir Januarie 2014 24,1%. Die finansiële krisis in 2008, en die arbeidspobleme in die mynbou en ander sektore, het meegebring dat daar tans 'n situasie heers waarin die privaatsektor werkseleenthede verminder terwyl die staatsdiens al hoe groter word.

Nuwe beleidsmaatreëls is geskep wat eintlik net 'n klein minderheid bevoordeel, terwyl die groot massas steeds ly. Na 1994 het die ekonomie struktureel min verander. Die gesig van die ekonomiese elite het wel verander. Die versteuring rakende die ekonomie impakteer en vergestalt op 'n pynlike manier ten opsigte van die menswaardigheid van mense. Armoede, ongelykheid en werkloosheid het 'n diep emosionele en psigologiese kant. Daarmee saam het dit ook 'n diep spirituele dimensie.

Die neo-liberale ekonomie fokus op die skep van welvaart – wat op sigself nie sleg klink nie. Maar dit lei in werklikheid tot 'n ongesonde ekonomiese balans, want veral die menslike faktor word verwaarloos: dit is juis nie-materiële aspekte soos die psigologiese, spirituele en sosiale behoeftes wat sin in die lewe gee. Ander ekonomiese stelsels trek die huishouding van God op ander maniere skeef, maar in die lig van die dominante stelsel op die oomblik word die kerk daartoe geroep om te wys wat tans fout is.

5. DIE KERK SE BYDRAE

Dit sou nie die kerk se mandaat wees om 'n spesifieke ekonomiese model voor te stel nie. Die ekonomie as sosiale wetenskap kan nie aanspraak maak op wetenskaplike wette of universele waarhede nie. Baie sogenaamde algemene ekonomiese modelle is inderdaad gebaseer op 'n stel veronderstellings.

Ekonomiese ondersoeke en analises kan nie uitgelig word uit hulle vasgestelde sosiale en politieke konteks nie – veral wanneer dit gekonfronteer word met uitdagings soos honger, armoede, ens.

Die ekonomie behels nie altyd praktiese, suiwere wetenskaplikheid nie, maar het ideologiese konneksies en word bepaal deur mense se waardekeuses. Menswees voltrek hom nou eenmaal ook via waardevoorkeure wat van mens tot mens, van groep tot groep kan verskil in soverre hierdie waardes verband hou met wat as belangrik beskou word vir 'n sinvolle lewe en 'n samelewing wat die moeite werd is.

Daar kan dus nooit slegs een ekonomiese model wees wat vir die waardevoorkeure van elke mens aanvaarbaar sal wees nie. Die teologie kan oor aspekte van die ekonomie spesifieke kommentaar lewer omdat die kerk verbind is om sekere waardes deel van die samelewingstrukture te maak.

Die kerk se bydrae is om deur sy nadenke vanuit die teologie 'n bydrae te maak en uiteindelik uit te kom by 'n eties-verantwoordbare ekonomiese basis vir die samelewing. Die moderne samelewing word toenemend bewus dat, ter wille van die mens self en die ekologie, dit noodsaaklik geword het dat 'n gesonde etiek in die samelewing moet funksioneer.

Dit is essensieel dat 'n mens se waarde-uitgangspunte altyd duidelik uitgespel word. Dit vra van die kerk 'n verantwoordelike beoordeling van die markplek en die ekonomiese modelle in die samelewing. Die verwagting van die kerk is dat sy op hierdie manier hoorbaar moet word in die ekonomiese sisteem.

Die groot uitkoms is geregtigheid vir almal. Die kerk behoort betrokke te wees wanneer die menswaardigheid van mense deur 'n sisteem aangetas word. Die geregtigheidsbeginsel wat deur die Christelike boodskap tot uitdrukking kom in die menswording van God in Christus, verbind die kerk daartoe om geregtigheid prakties tot uitdrukking te laat kom.

Wanneer die ekonomie van 'n land aan die een kant groei terwyl 'n groot sektor van die land se bevolking nog steeds noodlydend bly in terme van sosiale en ekonomiese status, wanneer dit blyk dat materialisme sy kloue in die psige van mense so korrupterend inslaan dat selfsugtige verryking aan die een kant en die vernietigende armoede van minderbevoorregtes aan die ander kant as 'n algemene verskynsel naas mekaar bestaan, dan het die kerk die profetiese roeping om met die regering van die dag en die besigheidsektor van die land in dialoog te gaan ten einde 'n beter bestaan vir alle mense te beding. Dan moet die kerk 'n profetiese stem laat hoor ten einde 'n meer regverdige bedeling te bevorder.

In die lig van die definisie wat reeds bespreek is dat die ekonomie vanuit 'n teologiese perspektief die uitkoms of doel moet hê om die bronne, moontlikhede en vaardighede wat God gee, te gebruik om die oikos, die hele huishouding, te dien tot eer van God, sou die kerk op die volgende kon fokus as 'n bydrae tot die ekonomie:

Eerstens moet die kerk haar beywer om 'n spesifieke etiek en moraliteit deur sy invloedssfeer in die samelewing te vestig wat fundamenteel is aan 'n ekonomiese goeie samelewing. Die vereistes van so 'n samelewing sou die volgende kon wees: alle mense geniet 'n lewe van individuele waardigheid, vryheid, verantwoordelikheid, vooruitgang, gelykheid, die geleentheid tot wesenlike bydraes, geregtigheid, 'n volhoubare natuurlike omgewing, deelname aan die gemeenskapslewe, deelname aan die bou van kultuur, en deelname aan outonome, selfbepalende gemeenskappe. Die lys is nie volledig nie – ander kan bygevoeg word.

Tweedens moet die kerk haar beywer om lidmate spesifieke waardes konkreet te laat beliggaam. Die samelewing moet die deugde van matigheid beliggaam in 'n kultuur van hebsug en verbruikersmanie, geregtigheid in 'n konteks van ekonomiese onreg wat van Suid-Afrika die land met die grootste kloof tussen ryk en arm maak, wysheid om te onderskei watter ekonomiese modelle en maatreëls help om bronne gelyk te verdeel, moed om onreg profeties te kritiseer en om beleid en praktyke te skep en implementeer wat welvaart vir almal bring, geloof wat energie losmaak om te doen wat reg is, hoop wat aksies baar wat noodlydendes bevry en liefde wat verontmensliking negeer en menswaardigheid aktualiseer.

Derdens moet die kerk haar beywer vir 'n vermoë om te kan onderskei wat die regte besluit in 'n gegewe situasie is. Verskillende etiese benaderings en geregtigheidsmodelle moet beskikbaar wees om met wysheid te kan onderskei wat die beste uitkoms sou wees om heil op ekonomiese terrein te

bevorder. Vir die NG Kerk is dit belangrik dat hierdie onderskeiding saam met die diverse familie van NG Kerke moet geskied. Onderskeiding oor ekonomiese vrae in Suider-Afrika het die insig en belewenisse van die verskillende mense in hierdie familie nodig.

Vierdens behoort die NG Kerk haar lidmate ook op 'n persoonlike vlak uit te daag. Hierdie is 'n profetiese uitdaging aan alle welvarende mense. In 'n land waar 20% van die mense 80% van die inkomste en besittings besit, sal welvarende mense hulle voor God en hulleself moet afvra wat hulle Bybelse verantwoordelikheid is.

Vyfdens is die NG Kerk deel van die burgerlike samelewing. Die kerk kan vanuit haar kernbesigheid, die welwese van die Goddelike ekonomie, 'n bydrae lewer maar nie alleen nie. Daar moet met die ekumeniese wêreld en vennote soos nie-regeringsorganisasies en die sakesektor saamgewerk word.

As deel van sy roepingsverstaan moet die NG Kerk onverpoos werk om vir komende geslagte 'n volhoubare wêreld na te laat, om groter geregtigheid en gelykheid tussen arm en ryk te bewerk, om sinergie te vind in die wyse waarop ons die skepping van God bewerk en bewaar, om 'n beter kwaliteit van lewe vir arm en ryk te bevorder, om armoede te bestry en diens te lewer aan mense in hulle daaglikse bestaan. Teoloë kan 'n goeie bydrae maak om Bybelse beginsels te formuleer met betrekking tot die ekonomie.

Wat interdisiplinêre gesprekke met taalkunde, hermeneutiek, filosofie en sosiale teorie in die algemeen betref, het teoloë hulself al onderskei – maar 'n bevredigende dialoog tussen ekonomie en teologie het nog nie bevredigend gestalte gevind nie.

Die insig van ekonome is egter van die uiterstebelang om dié bydrae van teoloë te maksimaliseer ten einde 'n behoorlike rol te speel. Dit maak dialoog tussen teoloë en ekonome 'n voorvereiste vir die kerk se nadenke oor die ekonomie.